Akademiese kollegas is welkom om te versoek dat **nuwe sake** op die agenda van die FGGW Komitee vir Nagraadse Navorsing (KNN) ingesluit word. Versoeke kan per e-pos aan Dr Liela Groenewald by LGR@sun.ac.za gestuur word en moet haar voor die sluitingsdatum van die betrokke vergadering van die KNN bereik. Insluiting van besprekingspunte gebeur volgens die diskresie van die voorsitter.

**Jaarboek** inskrywings of -wysigings word via departementele nagraadse programkomiteeverslae op die agenda geplaas. Neem asseblief kennis dat die omkeertyd vanaf KNN-indiening tot jaarboekinsluiting meer as 'n jaar is, as gevolg van die verskillende vlakke van oorsig en goedkeuring. Aangesien die jaarboek een keer per jaar gepubliseer word, sal vroeër indiening nie die proses bespoedig nie. Jaarboekitems kan in Oktober of November ingedien word vir insluiting in die agenda van 'n Januarie-vergadering van die KNN, wat lei tot 'n jaarboekinskrywing in die daaropvolgende akademiese jaar.

**Let wel**: Stuur asseblief alle voorleggings vroeër eerder as later, aangesien finale US afsnydatums soos deur die US Senaat bepaal, op ŉ besondere streng tydlyn tot die twee reekse gradeplegtighede per jaar bestuur word.

**Sake vir die KNO**: Voorstelle vir nuwe PhD programme dien eers by die Dekaan se bestuurspan en daarna by die Komitee vir Nagraadse Onderrig (KNO), eerder as by die Komitee vir Nagraadse Navorsing. Die laaste geleentheid waarop veranderinge aan die Jaarboek vir 'n gegewe akademiese jaar oorweeg kan word, is die eerste KNO vergadering van die vorige akademiese jaar. Navrae oor hierdie proses kan aan die Assistenthoof van die Sentrum vir Studenteadministrasie (Tygerberg kampus) by gift@sun.ac.za, gerig word.

Aansoeke of motiverings vir gelyktydige registrasie vir 'n PhD of navorsingsmagistergraad en 'n ander kwalifikasie, moet beide by die KNN en die KNO ingedien word, en dit moet so in die rapport aangedui word.